UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
30 NOV 1960
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

I.M.S.

Vol. I, No. 10

MUNISIPALITEIT **MUNICIPALITY**

STELLENBOSCH

Burgemeesterskantoor,
29 April 1960.

Stadsbeplanning

Telkens word daar bedenkinge uitgespreek oor die beginsels van Stadsbeplanning soos dit in die moderne stede en dorpe toegepas word. Die gewone klagte is dat daar onnodige beperkinge op die gebruiksregte van die indiwidu geplaas word, maar ervaring leer ons dat sorgvuldige beplanning vooruit 'n wesenlike behoefte is indien ons seker wil maak dat die grootste mate van gerief vir die gemeenskap geskep word.

Die Stadsraad het so pas met 'n baie ernstige probleem te doen gekry, naamlik die verstopping van verkeer in Van Riebeeckstraat, wat die gevolg is van 'n nuwe blok woonstelle wat in daardie straat opgerig is. Daar is besluit om alle parkering in Van Riebeeckstraat tussen Bosman- en De Waalstrate te verbied, en hopelik sal daar genoeg parkeerruimte op die woonstelperseel wees vir diegene wat daar woon en ook vir besoekers. Die Raad het egter daarvan bewus geraak dat verdere konsentrasies van woongeriewe van hierdie aard in Van Riebeeckstraat eenvoudig nie moontlik is nie, dit wil sê solank as wat die straat sy huidige wydte behou. Daar kan wel oorweeg word om 'n dubbele straat te bou, maar dit sal 'n baie duur skema wees en in elk geval is daar op die oomblik slegs ruimte tot by Bosmanstraat. Die Raad het derhalwe as noodmaatreël besluit om die dorpsaanlegskema te wysig deur alle

woonstelregte in daardie gebied tot enkelwoningregte te verminder. Dit is 'n maatreël wat op die oog af ingrypend mag lyk, maar nietemin is ek daarvan oortuig dat dit die beste is wat ons onder die omstandighede kon doen, en ek wil vertrou dat die algemene publiek die Raad in hierdie opsig sal steun.

Munisipale Kongres

Vanaf 28 tot 31 Maart het ek, raadslede prof. Smuts en mnr. Geffen en die Stadsklerk die Jaarlikse Munisipale Kongres te Muizenberg bygewoon. Die verrigtinge het alle aspekte van munisipale administrasie gedek en aangesien die agenda reeds honderde bladsye beslaan, is dit vir my slegs moontlik om kommentaar oor enkele items te lewer.

Die stelsel van Afdelingsraadsbelastings binne munisipale gebiede het weereens groot verset uitgelok en ten spyte van talle van kommissies en dergelike liggame wat in die verlede ondersoek moes instel, is daar nog nie geslaag om 'n oplossing te vind nie. Ons het so ver gevorder as om te besef dat afdelingsrade nie hul funksies sal kan uitoefen as hulle hierdie bron van inkomste moet verloor nie. Die vraag is dan uit watter ander oord hulle moontlik kompensasie kan vind. Verdere samesprekings met die Vereniging van Afdelingsrade word vanjaar in die vooruitsig gestel en hopelik sal ons teen aanstaande jaar met 'n finale aanbeveling na die Administrateur kan gaan.

Onthou sal word dat die Provinsiale Raad verlede jaar geweier het om die betaling van vaste toelaes aan raadslede goed te keur. Hierdie aangeleentheid is weereens druk by die kongres bespreek, en daar is besluit om die Administrateur te vra om die nodige ontwerp-ordonnansie weereens by die Provinsiale Raad in te dien.

In verband met die daarstelling van afsonderlike plaaslike besture vir Kleurlinggemeenskappe, is die kongres meegedeel dat die Kommissie van Ondersoek wat verlede jaar deur die Administrateur aangestel is, reeds sy verslag ingedien het, en dat afskrifte daarvan binnekort aan plaaslike owerhede vir bestudering gerig sal word. Dit is ons nie bekend wat die aard van die Kommissie se aanbevelings is nie.

Die Kongres het uiteindelik finaal besluit om by die Staat aan te beveel dat geen wyn of brandewyn aan Naturelle beskikbaar gestel word nie. Ons vertrou dat die betrokke owerhede op hierdie aanbeveling terdeë ag sal slaan.

'n Poging is weereens aangewend om die dienstermyn van Stadsrade van 3 tot 5 jaar te verleng, maar die mosie is verwerp. Hierdie is ook 'n aangeleentheid waaroor die Kongres nooit uitgepraat raak nie.

W. C. DEMPSEY

Ons Uniefees — 'n Nabetragting

Ons plaaslike Uniefeesvierings is iets van die verlede. Met die gesamentlike kerkdiens verlede Sondagmiddag op Bergzicht is die laaste nommer op die program wat deur die Feeskomitee in samewerking met die Stadsraad opgestel is, afgehandel. Voordat die gebeure van die afgelope week aan die vergetelheid oorgegee word, sal ek graag 'n laaste paar opmerkings wil maak en enkele bedankings doen.

Eers net iets oor die aard en omvang van ons fees. Die Feeskomitee het van die begin af gevoel dat ons oor nóg die kragte nóg die geldelike middele beskik om 'n groot en ambisieuse program aan te pak. Verder moes daar by aanbiedinge in die opelug rekening gehou word met die moontlikheid dat dit kan reën. Tog moes die groot gebeurtenis van die 50-jarige bestaan van die Unie op paslike en waardige wyse deur ons gevier word met 'n feesprogram wat iets vir elkeen sou inhou. Dit is met hierdie gedagtes voorop dat daar aan die werk gespring is. Of wat ons uiteindelik aangebied het, voldoen het aan die eise wat ons self daarvoor gestel het, laat ek maar oor aan die oordeel van elkeen wat die verrigtings meegemaak het.

Ons is dankbaar vir die mooi opkomste by die drie konserte. Te oordeel aan die geesdrif wat daar geheers het, was aldrie baie geslaagde ondernemings gewees. Die opening van die Burgerhuis en die uitstalling van outydse meubels deur die boeregemeenskap het ook groot belangstelling gewek. Honderde mense het in die daaropvolgende dae daar besoek gaan aflê en met groot waardering van die uitstalling gepraat.

Die ontvangs van die vlae Donderdagmiddag moes een van die hoogtepunte van die week se verrigtinge gewees het. Ons hele fees was immers om die aankoms van die vlae gebou. Die reëlings wat in dié verband getref is was puik, maar tot my spyt moet ek sê dat ons verwagtinge ten opsigte van hierdie deel van die program nie heeltemal verwesenlik is nie. Ek wyt dit veral aan die onstigtelikheid wat daar by 'n groot deel van die aanwesiges geheers het. Terwyl die vlae aangekom het, het die terrein waarop die bome geplant moes word net soveel in dien nie meer toeskouers getrek nie. Toe die geleentheidspreker, mnr. Hennie Smit, L.V., later aan die woord was, moes ons aanskou hoedat groot getalle mense waaronder ook baie seuns en dogters van ons plaaslike hoërskole die pawiljoen verlaat om hulle ook by die ander op die boomplantterrein te gaan voeg. Sulke ongedissiplineerdheid aan die kant van ons jeug en verregaande onbeskoftheid teenoor die spreker wat ons gas was, was voorwaar pynlik om te aanskou.

Behalwe dat die militêre parade op die Braak op versoek van die bevelvoerder van die Regiment Universiteit Stellenbosch gekanselleer moes word, is die res van die program sonder enige haakplekke afgehandel. Die opkoms by die kerkdiens Sondagmiddag was ietwat teleurstellend. Die deursnee Stellenbosser het blykbaar sy vaste gewoontes veral wat sy doen en late op 'n Sondagmiddag betref en selfs 'n spesiale kerkdiens kon hom nie daarvan laat afsien nie!

Ten slotte wil ek namens die Stadsraad graag baie dankie sê aan almal wat in een of ander hoedanigheid met die verrigtinge behulpsaam was. Ek dink veral aan die lede van die Komitee wat so hard gewerk het: Dr. G. G. Cillié en mnr. Sam de Kock wat die Sangfees georganiseer het; mnr. Piet Carinus wat die uitstalling in die Burgerhuis gereël het. Die wyse waarop dorp en distrik tydens die fees saamgewerk het, was besonder verblydend. Verder noem ek mnr. Fransie de Wet wat saam met die Rotariërs die boomplantseremonie georganiseer het; mnr. Ernst Stals wat vir die program met die ontvangs van die vlae verantwoordelik was; mnr. Tertius van Hukssteen wat die keurige Gedenkprogram saamgestel het; mevv. Koos Smit en Meyer de Villiers wat oral hand bygesit het en laaste maar nie die minste nie mnr. Eric Pohl, die ywerige sekretaris van die Komitee wat in 'n baie groot mate vir al die reëlings verantwoordelik was en alles op baie bekwame wyse gedoen het.

My hartlike dank ook aan hulle wat vir die sang en musiek gesorg het en soveel genot aan die groot gehore verskaf het; aan ons predikante wat so pragtig saamgewerk het in verband met die kerkdiens; aan die twee plaaslike rugby-klubs wat vir die rugby gesorg het; aan die Regiment Universiteit Stellenbosch wat voortaan so nou aan ons dorp verbind sal wees; aan die drie plaaslike dranknywerhede vir hulle bydraes, die firma Edrich vir hooggewaardeerde dienste, en aan die pers vir die ruimte wat aan ons fees afgestaan is.

Die wyse waarop talle lede van die publiek, ons skole en baie ander instansies met die Stadsraad saamgewerk het om hierdie Uniefees moontlik te maak is een van my aangenaamste herinnerings aan die weeklange feesvierings. Ook daarvoor betuig ek my dank.

W. C. DEMPSEY.